Wapadrant E-NUUS

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

05 Mei 2022

PREEKROOSTER MEI 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker	Bywoning in ouditorium	Bywoning in saal
08 Mei	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Peet Vermeulen	350	100
15 Mei	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit	350	100
22 Mei	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Amie van Wyk	350	100
26 Mei **Hemelvaart**	Klassiek	**18:30**	Peet Vermeulen	350	100
29 Mei **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr	**08:30**	Johannes Aucamp	350	100

VERSLAPPING VAN COVID REGULASIES

Toegang by alle deure.

Lidmate kan nou enige plek sit.

Getalle nog beperk tot 350 in kerk en 100 in saal.

Dra van maskers en sanitering by deure bly verpligtend

08:30 Erediens

"Facebook"

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube"

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM ASB KENNIS

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas.
- **Bybelstudie vir manne:** Woensdae om 05:30 in kerkgebou.
- **Sondag 8 Mei:** Skenk bloed en red 'n lewe. Sien berig op laaste bladsy.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Conrard en Almarie de Muelenaere. Conrad se ma is verlede week oorlede.
- Annette Leijenaar wat Dinsdag 'n heupvervanging ondergaan het.
- Wikus Roos wat in hospitaal was en later verdere prosedures moet ondergaan.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

GMAIL E-POSADRESSE

Die afgelope twee weke bons lidmate wat van gmail gebruik maak se eposse terug na die kerkkantoor. Die probleem is met die diensverskaffer opgeneem en hopelik is die probleem opgelos.

Lidmate met gmail adresse word versoek om na hul "spam folder" te gaan en die kerk se e-posadres te "whitelist" of te merk as "Not Junk".

Lidmate wat gedurende die week om een of ander rede nie die Wapadrant E-Nuus ontvang het kan die kerk se webblad raadpleeg. Die direkte skakel is http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

VREUGDEFEES – 28 & 29 MEI 2022 (Gemeente verjaarsdag)

Ons is opgewonde om saam die gemeente se verjaarsdag te vier! **Saterdag 28 Mei** hou ons Vreugdefees met pannekoek, kindervermaak, poeding en verskeie stalletjies. Vanjaar werk die stalletjies anders. Jy kan self bepaal hoe die wins van die stalletjie aangewend gaan word. Jy kan dit gebruik vir jou kleingroep se uitreik of skenk aan liefdadigheid. Jy kan selfs jou stalletjie gebruik vir die "Woeker met jou talente"-projek. Die doel van die fees is om uit te bou aan ons stad.

Die basaarlyste is op die kennisgewingbord in die saal aangebring.

Kies solank waar jy betrokke wil raak en skryf jou naam op. Indien jy bereid is om die stalletjie te koördineer, maak asb 'n * langs jou naam.
Die hoogtepunt van Saterdag se feesvier, is die potjiekos.

Skryf jou pot in vir die kompetisie – daar is groot pryse op die spel. Die eerste prys is ‘n naweek by ‘n luukse lodge in die Waterberge vir 6 persone.
Ons wil graag 39 potte laat prut – een vir elke kersie op Wapadrant se verjaardag-koek! Potmakers versier self hul stalletjie en verskaf bykosse (soos rys, stampmielies, potbrood, geheime souse, ens) – alles word beoordeel! Die opbrengs uit die kaartjieverkope kan aangewend/geskenk word net soos die potmaker wil!

Sondag 29 Mei sit ons die verjaarsdagvreugde voort met ‘n gemeente-ete in die vorm van ‘n heerlike hoenderbraai!

Koop jou kaartjie op 8, 15 of 22 Mei om jou ete te bespreek.

Dit sluit hoender, slaai en broodrolletjies in.

Koop ‘n halwe hoender, slaai vir 2 en 2 broodrolletjies @ R75 of koop ‘n hele hoender, slaai vir 4 en 4 broodrolletjies @R150.

Pak ‘n piekniekmandjie met jou eie eetgerei en drinkgoed en kuier lekker saam met ons.

SUNRISE NPO - NASKOOLSENTRUM

Die Naskool benodig dringend vanaf 30 Mei vrywilligers om skooldae ongeveer tussen 12:00 en 14:00 gedurende die termyn die naskoolkinders by Garsfontein Laerskool te gaan haal. Die kerk se kombi word vir dié doel gebruik.

Dit kan op ‘n aflosbasis gedoen word indien daar meer as een persoon homself/haarself beskikbaar verklaar vir hierdie takie.

Kontak die kerkkantoor by 012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za

SKENK BLOED EN RED ‘N LEWE – SONDAG 8 MEI

Soos in die verlede is daar weer geleentheid om bloed te skenk tussen 08:30 – 12:30 by die kerkterrein.

SANBS
South African National Blood Service
NPO Number: 049066NPO
NPC Registration No. 2000/026390/08

DANKOFFERS EN LIEFDEGAWES

Maak gerus van onderstaande metodes gebruik om jou dankoffer/liefdegawes/spesiale inbetalings oor te betaal:

Bankbesonderhede vir elektroniese inbetalings of deposito's by bank:
Gereformeerde Kerk Wapadrant
ABSA tjek 3490151957, takkode 632005.

Verwysing:
Vir Dankoffer: **Naam en Van**
Spesiale inbetalings: **Bv. Liefdegawe**
Snapscan: Verwysing soos bo genoem
Debietordervorm beskikbaar by
http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

Snap here to pay
SnapScan

LIDMAATSKAP BY WAPADRANT GEMEENTE

Indien jy hierdie epos ontvang, beteken dit dat jy wel as lidmaat aangedui word by Wapadrant Gemeente se databasis.

Indien jy nie meer 'n lidmaat is van die gemeente nie, laat weet ons per epos aan admin@gkwapadrant.co.za sodat die nodige attestaat/bewys van lidmaatskap aan jou/julle gestuur kan word.